NG KERK PETRUSBURG

Deur God se genade
'n biddende gemeente,
wat mekaar in liefde dien en
uitreik na die wêreld.

Leraar: Ds.Jaco Thom ✆ 084 523 1157 ✉ jaco@ngkerkpetrusburg.co.za
Skriba: Madette Lombaard ✆ 053 574 0279 ✉ ngkpetrusburg@gmail.com
Orrelis: Elmien Thom ✆ 084 562 3434 ✉ elmien@ngkerkpetrusburg.co.za
Koster: Annamarie Dercksen ✆ 072 499 4262 ✉ annamarie.dercksen@yahoo.com
www.ngkerkpetrusburg.co.za NG Kerk Petrusburg

30 Julie 2020

Erediens Sondag

Skriflesing: Genesis 33:1-17

Jakob keer terug uit Haran en Esau wag hom in met 400 man.

Tema: Versoening begin in jou eie hart

LW: Jy kan by die erediens inskakel op ons webwerf, of kontak Jaco om jou op die WhatsApp-groep te sit waar die skakel na die erediens (en die hoofstuk van die dag) gereeld gelaai word.

Onthou om asseblief met die oorbetalings van Dankoffers verwysings by te sit soos volg:
Dankoffer + Voorletters en Van
Bankkollekte of Deurkollekte.
(Dit is nie nodig om 'n naam by te sit met inbetaling van bankkollekte of deurkollekte nie)

Deuroffers die Sondag 2 Augustus – Reformed Church in Zambia

Ds.Jaco is van 3 – 30 Augustus met verlof, hy het 'n vriend van hom, ds Carel van Wyk van Suider-Paarl, gevra om vir ons 4 preke op te neem vir die 4 Sondae wat hy met verlof is.
Baie dankie dominee, geniet die verlof en lekker rus!

NB: Indien jy weet van iemand wat nie toegang het tot ons digitale uitsending nie, kontak Jaco Thom asb, sodat ons 'n plan kan maak.

VERJAARSDAE

Seënwense vir almal wat die komende week verjaar.
Mag dit 'n besonderse jaar vir elkeen van julle wees:

Augustus

2 Lene Van Loggerenberg
4 Bokkie Hartzer
4 **Mina Hugo (91j)**
8 Ilde Hugo

Huweliksherdenking

2 Aug Barend & Ina De Lange (40j)

Dié Sondag word klein ***Eldoné de Lange*** gedoop in 'n klein familie-geleentheid in die kerk en word amptelik 'n lidmaat van ons kerk. Baie geluk Barend en Carina, mag die Here Sy hand oor julle hou en elke treetjie van haar seën!

Totsiens, Yvonne en Johan



Yvonne en Johan van der Vyver trek na 'n aftee-oord in Bloemfontein.
Yvonne skryf:
Liewe Ds Jaco, Elmien en mede-lidmate
Vir 42 jaar was ek geseënd om deel te kon wees van Petrusburg gemeenskap. Wonderlike vriende gemaak, saam gewerk en in mekaar se lief en leed gedeel.In hierdie landskap van uiterstes, het ek geleer bid en ek glo sterker geword. Dit is 'n baie moeilike en veeleisende periode van grendeltyd vir ons almal. Om nou die skuif te maak is nie maklik nie. Johan sê ook baie dankie dat jul hom aanvaar en deel gemaak het. Petrusburg se mense is besondere mense, bid tot God en vir mekaar. Mag ons almal in die tyd wat voorlê ons vertroue in Sy almag plaas, opkyk en biddend bly. Dankie vir elkeen wat op 'n manier deel van my lewe geword en my daardeur verryk het.
Die grootste dank aan my Hemelse Vader vir soveel genade. Yvonne

~~~~~~~~

Laat ons asb. weet van lief en leed sodat ons dit met die gemeente kan deel.
~~~~~~~~